Burger 4 Des. 1937

# REPATRIASIE OP VEEL GROTER SKAAL

## NOODGEROEP VAN 45 GESINNE IN ARGENTINIË

## PLAN OM HULLE TE HUISVES IN SUID-AFRIKA

## EERS BY GOEDGESINDE BOERE; DAN NEDERSETTINGS

## ARMESORGKOMMISSIE SE JONGSTE BESLUITE

DIE waarskynlikheid dat uitgeweke Afrikaners uit Argentinië binnekort gerepatrieer sal word op nog groter skaal as wat die oorspronklike verwagting was, is deur ds. A. D. Lückhoff, sekretaris van die Armesorgkommissie, in 'n onderhoud met Die Burger voorgehou.

**Ds. Lückhoff het 'n verklaring gedoen oor die jongste verwikkelings wat dit waarskynlik en nodig maak—o.m. die noodgeroep van 'n 45-tal gesinne wat in benarde omstandighede hul toevlug tot 'n Argentynse dorp moes neem.**

Hy het hom met dankbaarheid uitgespreek oor die welslae van die skema tot dusver. Die volk het hom by

Hy het hom met dankbaarheid uitgespreek oor die welslae van die skema tot dusver. Die volk het hom by uitnemendheid goedgesind getoon. Dit laat hulle reken op verdere welwillende bystand.

Enige weke gelede is 'n belangrike brief van ds. W. Loubser uit Argentinië ontvang, waarin hy vertel van 'n aansienlike aantal Afrikaner-gesinne wat in groot armoede na die dorp Comodoro Rivadavia hul toevlug geneem het. Hy het gegewens verstrek oor die toestand van agteruitgang en nood onder hulle, en verklaar dat dit dringend noodsaaklik is dat hulle so gou moontlik gerepatrieer word.

„Die moeilikheid is egter," aldus ds. Lückhoff, „wat om met hierdie huisgesinne te doen as hulle in Suid-Afrika aanland. Om hulle oor te bring sonder om vooraf nodige voorsiening te maak, sou dwaas en verkeerd wees.

„Gelukkig het daar vir die Armesorgkommissie 'n ligstraal opgegaan. Dit blyk dat in ons land etlike welwillende boere-vriende is wat bereid is om behoeftige families te ontvang, vir hulle van wonings te voorsien en ook 'n redelike verdienste tot tyd en wyl hulle op nedersettings van die Regering plek kan kry.

## OP NEDERSETTINGS

„Dit is ook baie wenslik dat sulke mense eers gehelp moet word om in ons land tuis te voel en gewoond te raak aan nuwe omstandighede en die lewe in Suid-Afrika.

„Die Minister van Lande het toegestem dat Afrikaners reeds vanuit Argentinië, nog voor hul terugkoms, aansoek kan doen om opname in die Regering se nedersettings.

„Dit spreek egter vanself dat dit in alle opsigte beter sal wees en hulle 'n beter kans sal gee om plek te kry as hulle na hul terugkeer in Suid-Afrika aansoek doen.

„Volgens 'n kabel pas van ds. Loubser ontvang, is daar op die oomblik 45 sulke behoeftige gesinne in genoemde dorp, wat vurig verlang om terug te kom. Van hierdie getal is 20 in korrespondensie met familiebetrekkinge alhier, wat bereid is om hulle te ontvang en 'n heenkome vir hulle te besorg.

het drie geselskappe van byna 100 siele die afgelope maande teruggekeer. Onder hulle was ook mense van 'n onafhanklike klas.

„Die drukte van die repatriasie-skema sal blykbaar somer binnekort op sy swaarste wees. Immers, 45 gesinne beteken ongeveer 225 siele.

## BAIE OPTIMISTIES

„Die Armesorg-kommissie is baie optimisties oor die saak. Belangstelling is oral opgewek, en die werk van fondseinsameling is mooi georganiseer. Ds. J. W. Snyman, spesiale kollektant van die kommissie, het sy planne agtermekaar en hy hoop om die begin van die nuwe jaar £2,000 in die kas te kan stort.

„Oor een saak voel die Armesorgkommissie baie bly en dankbaar. In die gesprekke wat die Kerk se verteenwoordigers met die Eerste Minister en met min. Grobler gevoer het oor die repatriasiebeweging, het dit duidelik geblyk dat genl. Hertzog eers wil sien dat dit die Kerk wel erns is, en of die nodige koste—destyds op £10,000 geskat—wel ingesamel sou word, en ook of die volk die terugkeer van hul landgenote werklik verlang.

## TWEE DINGE

Baie van die Regering se hulp sou noodwendig afhang van die wyse waarop die volk sou reageer op die repatriasieskema. Die Kerk kon by daardie onderhoude maar net die hoop uitspreek dat hy in sy pogings nie teleurgestel sou word nie, maar vandag staan ons 'n hele ent verder as toe, want ons weet nou met sekerheid twee vername dinge:

„Die eerste is dat die Kerk die nodige geld vir die skema in die hande sal kry. Harte is gewillig, en hande is ook.

„Die tweede is, dat dit heeltemal duidelik is dat die volk die repatriasieskema goedgesind is, en dat hy graag sy landgenote gerepatrieer wil sien."

Ds. Luckhoff het baie waarderend gepraat van die belangrike rol wat die pers in die saak gespeel het en daaraan toegevoeg:

„Genl. Hertzog het vandag nie ...

ook 'n redelike verdienste tot tyd en wyl hulle op nedersettings van die Regering plek kan kry.

### OP NEDERSETTINGS

„Dit is ook baie wenslik dat sulke mense eers gehelp moet word om in ons land tuis te voel en gewoond te raak aan nuwe omstandighede en die lewe in Suid-Afrika.

„Die Minister van Lande het toegestem dat Afrikaners reeds vanuit Argentinië, nog voor hul terugkoms, aansoek kan doen om opname in die Regering se nedersettings.

„Dit spreek egter vanself dat dit in alle opsigte beter sal wees en hulle 'n beter kans sal gee om plek te kry as hulle na hul terugkeer in Suid-Afrika aansoek doen.

„Volgens 'n kabel pas van ds. Loubser ontvang, is daar op die oomblik 45 sulke behoeftige gesinne in genoemde dorp, wat vurig verlang om terug te kom. Van hierdie getal is 20 in korrespondensie met familiebetrekkinge alhier, wat bereid is om hulle te ontvang en 'n heenkome vir hulle te besorg.

„Al wat dus nodig sal wees, is om voorsiening te maak vir die koste van oorbrenging. Die Regering is bereid om te sorg vir vry vervoer na die plaas van bestemming nadat hulle aangeland het.

### BINNEKORT DRUK

„Dog wat van die orige 25 arm gesinne wat, soos ds. Loubser in sy kabel vermeld, graag wil terugkom, maar nie uitkoms by familiebetrekkinge sal vind nie? Dit is juis vir hulle dat ons nou die plan maak om hulle tydelik vir ses maande of selfs langer by welwillende boere-vriende geplaas te kry.

„Die Armesorg-kommissie het die Sekretaris van Lande van hierdie plan verwittig. Hy beskou dit as 'n goeie en praktiese onderneming.

Ds. Lückhoff het voorts meegedeel dat ds. Loubser en sy plaaslike komitee met erns en doelbewus in die saak van repatriasie optree." Dit skyn asof daar in die nabye toekoms sprake sal wees van repatriasie van 'n groot aantal huisgesinne. Reeds, soos bekend, [...] triasiebeweging, het dit duidelik geblyk dat genl. Hertzog eers wil sien dat dit die Kerk wel erns is, en of die nodige koste—destyds op £10,000 geskat—wel ingesamel sou word, en ook of die volk die terugkeer van hul landgenote werklik verlang.

### TWEE DINGE

Baie van die Regering se hulp sou noodwendig afhang van die wyse waarop die volk sou reageer op die repatriasieskema. Die Kerk kon by daardie onderhoude maar net die hoop uitspreek dat hy in sy pogings nie teleurgestel sou word nie, maar vandag staan ons 'n hele ent verder as toe, want ons weet nou met sekerheid twee vername dinge:

„Die eerste is dat die Kerk die nodige geld vir die skema in die hande sal kry. Harte is gewillig, en hande is ook.

„Die tweede is, dat dit heeltemal duidelik is dat die volk die repatriasieskema goedgesind is, en dat hy graag sy landgenote gerepatrieer wil sien."

Ds. Luckhoff het baie waarderend gepraat van die belangrike rol wat die pers in die saak gespeel het en daaraan toegevoeg:

„Genl. Hertzog hoef vandag nie nog te vra of die volk van Suid-Afrika repatriasie verlang nie, en ons weet ook uit sy eie mond dat hy self ook graag sou sien dat die uitgewekenes terugkeer."

## „TOT SIENS" AAN ONS ATLETE

JOHANNESBURG, Vrydag. — Johannesburg het vanmiddag die plaaslike atlete wat Suid-Afrika op die Rykspele in Australië gaan verteenwoordig, 'n „tot siens" toegeroep. Elke lid was min of meer deur familie en belangstellendes op die stasie omring.—(Reuter.)

AMSTERDAM, Vrydag. — Prins Bernhard is nou fluks op pad na herstel na sy onlangse motorongeluk.

Vandag se bulletin verklaar dat die steke in sy kop sonder verwikkelings uitgehaal is.—(Reuter.)